### *Agab die tempelier met sy kollegas: Sy suksesse. Hulle mik vir Baram se huis*

**183** Agab gaan nou weg en haas homself na sy kollegas. Toe hy by hulle kom, bestook hulle hom **almal** met vrae en sê: “Maar in die naam van die tempel, wat doen jy tog solank? Wat `n angs het ons ter wille van jou uitgestaan! Hoe staan sake? Wat doen die towenaar? Hoe het jy gevaar? Kom die soldate al? Ons sit op hete kole! Weet jy dan niks daarvan af nie?”

[2] **Agab** vra: “Wat is dit dan? Waarvan weet ek dan niks van nie?”

[3] **Die oudstes** antwoord: “Verbeel jou! Skaars `n halfuur gelede kom hier drie inwoners, Judeërs uit hierdie plek aan en hulle deel ons mee dat die hele markplaas van Jesaïra sonder enige uitsondering oorgegaan het na die Grieke en dat ons hier nou niks meer te doen het nie! Wat sê jy daarvan! - Dink maar dat dit alles die werk is van die vervloekte towenaar, wat niks anders is as `n apostel van die hel wat besete is deur die gees van Beëlsebul! Ja, wat sê jy daarvan?!”

[4] **Agab** sê: “Ja, as dit so is, dan is dit sleg vir ons en ons beter dan gou besig raak met ons toekomsplanne! Ek het gister wel iemand daaroor hoor mompel, maar ek kon nog nie presies uitvind wat die hele geskiedenis daaragter was nie. Maar dit is wel alles ons eie skuld! Ek het julle al dikwels gesê dat ons met ons domhede en duisternis, waarmee ons almal in die tempel ingewy was, by hierdie besonder wakker Grieke nie sou kon volhou nie en dat dit vir hulle kinderspeletjies sou wees om ons die duimskroewe aan te sit; maar dit was altyd olie op die vuur! Nou het die onvermydelike gebeur wat ek al vroeër vir julle voorspel het, en ek begryp egter nie waarom julle nou so verbaas daaroor kan wees nie! Ek het al so dikwels vir julle gesê: Laat ons tog eindelik ophou met die domhou en die onderdrukking van die volk; want alles in die wêreld het grense wat nie oorskry mag word nie! Wat kry ons daarvan as ons die volk sistematies dom hou? Die domheid sal ten slotte oorslaan in boosheid en dan sal ons moet verdwyn. En nou is dit so!

[5] Die volk glo in Moses en die profete; maar ons sê: hulle is dood en hulle geskrifte ook! Elohim openbaar nou Sy wil in die tempel en sê vir die ware mens om hegter aan Moses en die profete vas te hou. Die hoëpriester, die leviete en al die fariseërs en skrifgeleerdes is nou die lewende Moses en die lewende profete! - Dit is ons leer!

[6] Ek het julle wel honderd keer duidelik gesê dat die aanmatiging van ons binnekort slegte gevolge sal hê. Maar julle het my uitgelag en julle hou vol dat dit volstrek onmoontlik kan gebeur! Nou het dit gebeur! Hou julle nou nog vol dat so iets onmoontlik was?!

[7] En ek sê julle weereens dat dit heeltemal ons eie skuld is; want wie by ernstige dinge geen raad aanneem nie, is egter nie te help nie!

[8] Ek het daar by die huis van Baram juis al die moontlike moeite gedoen om die opgewonde gemoedere van die volk te kalmeer. Ek het vir die heethoofde gesê dat hier binnekort soldate uit Kapernaum sal aankom om hulle te bestraf! Maar hulle lag en sê: “Dan kan jy maar lank op hulle wag; want ons het julle bode in ons mag - net soos alles van julle! Maak dat jy goedsmoeds hier wegkom, anders sal jy op `n ander manier verwyder word!” Dit was die mooi antwoord op my waarskuwing en dreiging aan die volk; sodat ek ook nie iets veel beter kon doen nie!

[9] Maar wat die towenaar aanbetref, Hy het met dit alles heeltemal niks te doen nie; want hy en sy leerlinge en Baram is nou waarskynlik die enigste Judeërs in die plek! Dat hy inderdaad `n towenaar blyk te wees sal ek nie bestry nie; maar dat hy dit met die krag van Beëlsebul doen, durf ek nie beweer nie, hoewel ek nie daarmee julle mening wil beïnvloed nie. Gaan nou self daarheen en praat met hom en oortuig julleself daarvan!”

[10] **Die oudstes** vra: ”Het hy die siekes al genees?”

[11] **Agab** antwoord: ”Dit is bes moontlik so, hoewel ek niks daarvan gesien het nie. Daar staan nog wel `n groep mense, manne sowel as vroue voor die huis van Baram, merendeels Grieke wat ek goed ken en hulle bespreek allerhande dinge met die baie beskeie towenaar of wat Hy dan ook al mag wees; maar ek het niks meer gesien van die siekes nie. Miskien het hy hulle genees, terwyl ek hier vir julle waggehou het. Maar soos ek sê, laat ons nou daarnatoe gaan, dan kan julle julleself daarvan oortuig hoe die sake daar uitsien!”

[12] Toe vra **die oudstes**: “Loop ons geen gevaar om ons lewens te verloor nie?” En **Agab** antwoord: “Wat se dom vraag is dit nou weer! Is dit dan hier veiliger vir julle? Omdat alles so tot ons nadeel verander het, is dit vir ons beter om na buite te gaan waar ons ons voete nog kan gebruik, as wat ons onsself hier tussen vier mure laat ombring!”

[13] “Ja, ja”, sê **die oudstes** daarop, ”jy het gelyk; laat ons dus na buite gaan en al ons skatte agter slot en grendel berg, want dit is baie waardevol!” **Agab** sê: ”Baie goed, - laat ons maar gaan, want wie sal nou gereedstaan om ons skatte te steel? Die mense hier het baie ander dinge om te doen as om aan ons skatte te dink!”

[14] Na hierdie woorde staan die oudstes op, plaas alles agter slot en grendel en sê selfs nie eers aan hulle dienaars wat hulle van plan was om te doen nie.

### *Die Griekse volk druk die fariseërs in `n hoek*

**184** Toe hulle by die huis van Baram aankom, sien hulle onmiddellik `n groot menigte wat deur die massale genesing letterlik buite hulleself was van verbasing. Maar omdat die ou fariseërs die massale genesing nie gesien het nie, dink hulle dat **die volk** hulleself nog steeds verbaas het oor die genesing van die besetene van die vorige dag, omdat die mense net soos gister nog steeds uitroep: ”Ere aan die Seun van Dawid! Hy is waaragtig die Seun van Dawid!”

[2] Toe **die ou fariseërs** dit hoor, vererg hulle hulleself en sê aan die volk: "Waaroor verbaas julle julle nou so besonders? Ons weet beter as julle hoe dit gebeur het! Die towenaar dryf die duiwels slegs maar met behulp van die opperste duiwel, Beëlsebul, uit *(Matthéüs. 12: 24),* - moet julle Hom dan nou loof asof hy die Seun van Dawid is?!" - Toe begin `n paar minder oortuigbare mense `n bietjie te twyfel en vra aan die fariseërs of hulle die saak van naderby sou kon uitlê en aan hulle sou verduidelik hoe so iets moontlik was, naamlik dat die opperste duiwel so nou en dan ook goddelike dade kon verrig.

[3] Die ou jakkalse was nie op die vraag bedag nie en het daarom nie geweet watter antwoord hulle moes gee nie. Toe **die vraestellers** egter bemerk dat die fariseërs geen vaste grond onder hulle voete het nie, omdat die antwoord so lank geneem het, sê hulle: "Waarom gee julle geen antwoord op ons redelike vraag nie, sodat ons kan begryp hoe die sogenaamde towenaar die duiwel deur Beëlsebul uitdryf en of Beëlsebul ook goddelike dade kan verrig? Dit is baie maklik om `n mens wat in staat is om buitengewone dade te verrig as `n kneg van die satan uit te maak en om hom so verdag te maak, maar dit is baie anders om daarvoor `n tasbare en sluitende bewys te lewer! Waarom sê julle niks as julle so seker van julle saak is nie?"

[4] **Die fariseërs** antwoord: "Ons swyg omdat ons, deur die gees van Elohim verlig, altyd weet en begryp wat die mense behoort te weet en wat ons derhalwe moet sê. Nie omdat ons dit nie weet nie, maar - omdat ons dit nie mag sê nie, wil ons julle geen duidelike bewyse gee ten opsigte van julle vraag nie. **Dit betaam julle slegs om alles te glo wat ons julle leer, en nie om self ondersoek in te stel nie;** want Elohim het ons aangestel om al die dinge tot op die kern te ondersoek, die geheime sake vir onsself te hou en **aan die volk slegs maar dit te vertel wat hulle nodig het.** Begryp julle ons nou?"

[5] Daarop sê **die volk:** "O ja, ons het julle baie goed begryp en omdat ons dit al `n tydlank doen, het ons juis omdat ons dit maar al te goed begryp, oorgegaan na die Grieke wat dinge nie so geheimsinnig doen nie! Daar het jy Aristoteles, Pythagoras, Plato en Sokrates en hulle werke en geskrifte is helder en waar. Maar by julle word alles altyd meer met `n digte mis omhul, sodat `n mens geen handbreedte voor of agter hulleself kan sien nie.

[6] Hoe kom julle daarby om die Geneser wat aan ons deur Elohim gestuur is, verdag te maak? Hy het goed aan ons gedoen en al ons siekes genees, en daaroor noem julle hom `n satanskneg?!

[7] Wat moet julle dan wees, wat aan ons nog nooit `n kleine weldaad bewys het nie?! Wanneer het julle deur julle minderwaardige middele en deur julle voorop-gestelde gebede ooit iemand genees?"

[8] **Die fariseërs** sê: "Het ons geen getuigskrifte nie?"

[9] **Die volk** sê: "Natuurlik het julle getuigskrifte en baie bluf ook - vanuit die tempel; maar waar is die dade dan waartoe julle volgens die getuigskrifte te alle tye in staat sou wees? Daarvan het ons nog nooit iets gesien nie!

[10] Maar hierdie mens kom sonder getuigskrifte by ons aan en doen dinge waarvan `n mens gevolglik net kan sê dat, solank die wêreld bestaan, daar nog nooit `n mens was wat so iets gedoen het nie! Ons besef baie goed waarom julle hierdie goddelike mens vir ons verdag wil maak, hoewel julle ons nie die waarheid daaroor wil vertel nie. Luister! Ons is so vry van julle sodat ons dit onder julle neuse kan vryf! Dit is die rede:

[11] Hierdie goddelike mens verrig daadwerklik die wonderbaarlikste dade waartoe julle - volgens julle tempelgetuigskrifte - in staat sou moes wees, maar gedurende die dertig jaar wat julle by ons was, het julle nog nooit met `n daad tevoorskyn gekom nie.

[12] Hoeveel geld en ander kosbaarhede het julle nie van ons ontvang nie, omdat julle iets vir ons welsyn sou doen; maar waar is die resultate? Ons goud en silwer het julle wel geneem; maar ons kry niks daarvan terug behalwe leë beloftes wat nooit vervul word nie. As ons aan julle vra wanneer die vervulling sal kom, dan wys julle ons op die weelderige gewasse en ons goddank gesonde kuddes. Maar ons wys julle op die nog weelderiger gewasse en die net so gesonde kuddes van die Grieke, wat deur julle op elke sabbat voor sons-opkoms sewe maal vervloek word. Dan sê julle: so `n weelderige groei word veroorsaak deur die satan en die brood van sulke velde en die vleis van sulke kuddes lei nie tot die lewe nie, maar tot die verdoemenis! Maar julle versmaai tog nie die verpligte en sekerlik nie geringe bydrae van die Grieke wat hulle elke jaar as tiende-belasting in die vorm van alle moontlike soorte gewasse moet afgee nie! Sê eers, wat het julle dan met die, volgens julle sprokie, deur satan geseënde gewasse gedoen?"

[13] **Die fariseërs** wat al baie woedend was, antwoord: "Dit verkoop ons aan die heidene, soos die Romeine en die Grieke, sodat hulle by die Laaste Oordeel nog meer verdoem sal word!"

[14] "Dit is mooi!", sê **die volk, "**hulle sê dat die duiwel dom is en dat sy leuens oral `n duim dik bo-op lê, maar julle is nog tien keer dommer, - want julle leuens lê orals tien duim dik bo-op! Weet julle nie meer dat ons al julle graan met ons osse en esels na Jerusalem na die mark gebring het en dat ons presies weet aan wie julle ons graan verkoop het nie!? En julle was brutaal genoeg om aan ons te sê dat julle die Griekse graan aan die heidene verkoop het, sodat hulle nog meer verdoem kan wees! As julle julleself altyd met leuens wil skoonwas, lieg dan tog `n bietjie slimmer, sodat dit nie lyk asof ons nog dommer is as julle nie en dat dit vir ons geen verskil sou maak om swart in plaas van wit en wit in plaas van swart te koop nie! - Nee, hoe kan iemand so afskuwelik lieg! So iets het ons nog nooit gesien nie!"

[15] **Die fariseërs** antwoord: "Julle weet en begryp niks nie! Weet julle dan nie dat `n fariseër glad nie kan lieg nie?! Want in die wet van die tempel staan daar dat elkeen wat homself wy aan die diens van Elohim, glad nie kan lieg nie, al sou hy ook wil; want selfs die grootste leuen word in sy mond die mees ligtende waarheid!"

[16] Toe begin **die volk** te lag en sê by wyse van `n grap: "Ja, ja, die tempelwette wat julle daar aanhaal ken ons ook; dit sê dat daar ook geskrywe staan: As `n fariseër mis in sy mond neem, dan verander dit direk in goud!"